

Wyse van aanbieding

Die program beslaan 'n minimum tydspan van twee jaar en begin in Februarie 2018 met die aanbieding van een module per semester. Van studente word verwag om, aan die hand van 'n vooraf verskafte leeslys wat voorsien word, selfstudie te doen met verpligte werkstukke wat ingedien moet word. Studente moet ook een keer per semester 'n verpligte ontmoetingsblok bywoon wat by die Fakulteit Teologie en Religie op die hoofkampus van die Universiteit van die Vrystaat aangebied sal word. Die dosente verantwoordelik vir die program is Proff. Rian Venter, Francois Tolmie en Jan-Albert van den Berg.

Vereiste vir toelating

Die vereiste vir toelating en verdere akademiese artikulasie is as volg: 'n Vierjarige graad in Teologie of, alternatiewelik, 'n driejarige B-graad wat opgevolg is deur 'n Honneursgraad. Die suksesvolle afhandeling van die Magister-program in Spiritualiteit en onderhewig aan sekere vereistes bied aan studente die moontlikheid om in te skryf vir 'n PhD in Spiritualiteit.

Koste van die program

Soos jaarliks bepaal en aangedui deur die Universiteit van die Vrystaat. Die geleentheid om aansoek te doen vir beperkte beursmoontlikhede is wel beskikbaar.

Kontak

Jan-Albert van den Berg
083 297 2619
vdbergja@ufs.ac.za



THEOLOGY
TEOLOGIE
UFS·UV

MTh in Spiritualiteit
“...die deurleefde ervaring
van die Christelike geloof en
dissipelskap”

Oorsig

Die Magister-program bied die moontlikheid tot 'n in-diepte studie van die Christelike spiritualiteit. Die volgende temas word deur die loop van die program aangespreek:

- Die ontwikkeling van spiritualiteit as akademiese dissipline in die Christelike tradisie sowel as kontemporêre uitdrukkings hiervan.
- Spiritualiteit uitgedruk in die resepsie sowel as in die spirituele lees van die Bybel.
- Tradisionele asook nuwe spirituele praktyke, soos byvoorbeeld gebed en spirituele formasie, waarin die dinamika van groei en transformasie beliggaam word.

Struktuur

Die program bestaan uit die volgende vier modules wat deur die loop van vier semesters voltooi word:

- **In-diepte studie van spiritualiteit as akademiese dissipline**

Die module fokus op die verskeie dimensies wat fundamenteel tot die studie van spiritualiteit staan. Aspekte wat onder meer aangespreek word is, byvoorbeeld, die nuwe belangstelling in spiritualiteit, verskeie oriëntasies tot die verstaan van spiritualiteit, metodologiese vrae, asook die geskiedenis van die Christelike tradisie en kontemporêre bewegings.

- **In-diepte studie van die Bybel en spiritualiteit**

In hierdie module, word twee belangrike vrae aangespreek, naamlik hoe spiritualiteit in Ou en Nuwe Testamentiese geskrifte beskryf word asook die spirituele lees van bepaalde perikope uit die Bybel. Na voltooiing van die module, sal studente 'n goeie begrip hê van die spiritualiteit van sommige Bybelgedeeltes en sal hulle ook in staat wees om 'n spirituele lees van perikope onafhanklik te kan doen.

- **In-diepte studie van spirituele praktyke**

Die module bied op teoretiese en praktiese vlak ruimte vir die verkenning van die dinamika geassosieer met spirituele groei en transformasie. Verskeie tradisionele en kontemporêre praktyke soos gebed, spirituele begeleiding en formasie word op 'n sistematiese wyse verken. Na voltooiing van hierdie module, sal studente in staat wees om op 'n persoonlike vlak te reflekteer op die dinamika geassosieer met praktyke van spiritualiteit.

- **Mini-Skripsie**

Moontlike areas vir onafhanklike nagraadse navorsing (Neem asseblief kennis dat 'n spesifieke navorsingsprobleem in elk van die velde geïdentifiseer moet word):

- Onderskeidende kenmerke van spiritualiteit binne die kontemporêre post-moderne, post-sekulêre en post-koloniale horisonne.
- Die spiritualiteit van spesifieke tradisies, byvoorbeeld Afrika, Gereformeerd of die Pentekostalistiese.
- Spiritualiteit soos beliggaam in besondere individuele denkers en figure soos, byvoorbeeld, T. Merton, D. Bonhoeffer en D. Tutu.

- Die impak van spesifieke interpretasies van God, heiliging, of 'n teologiese benadering tot spiritualiteit.
- Spiritualiteit in spesifieke Nuwe Testament-geskrifte.*
- Die spirituele lees van perikope in die Nuwe Testament.*
- Die resepsie van Bybelse tekste in die geskrifte van die mistici.*
- Die gebruik van besondere spirituele praktyke met as doel transformasie.
- Verskeie uitdrukkings van spirituele praktyke in die alledaagse en kontemporêre lewe.
- *Ten einde navorsing in een van dié drie areas te onderneem, moet studente in staat wees om met die Griekse teks van die Nuwe Testament te werk.

